**14 September** **Skrifgedeelte: Genesis 3:11-23**

FOKUSGEDEELTE: NGB, ART 17

## Die moederbelofte

Die invloed van die sondeval op die wêreld was ingrypend. Deur God se oordeel en vonnisse leer die mens en sy vrou nuwe begrippe ken wat nie voorheen deel van hulle leefwêreld was nie: vyandskap, stryd, vervloeking, pyn, swaarkry, oorheersing, weerstand en die dood. Adam en Eva word bedremmeld uit die tuin van Eden weggestuur. Gerubs en ’n vlammende swaard verhoed dat hulle terugkeer (vers 24).

’n Mens kan aan baie name dink wat Adam op daardie stadium sy vrou sou wou toevoeg. Elkeen sou seker min of meer regverdig wees, want die vrou (soos ook die man) het oortree. Sy was nie tevrede met “een soos ek” (Gen 2:23) as identiteit nie, maar wou eerder “een soos God” wees (Gen 3:4). Toe word sy “een soos stof” (vers 19).

Adam was ook ’n profeet. In daardie wanhopige omstandighede kraak hy nie sy vrou af nie, hy benoem haar nie volgens haar sonde nie, maar volgens God se belofte; die Moederbelofte. So kom hy, pas na die doodsvonnis oor hom uitgespreek is, tot ’n merkwaardige geloofsbelydenis. Hy noem sy vrou na die lewe: EVA – Moeder van alles wat lewe (vers 20 – OAV)!

Dit is die laaste woord wat Adam in die Bybel sê, maar dit is “beroemde laaste woorde”. Met hierdie een woord katkiseer vader Adam al sy kinders, leer hy ons hoe lig en hoop in ’n donker, wanhopige wêreld moontlik is. Nie deur mekaar af te kraak of te vervreem nie, maar deur saam vas te gryp aan God se beloftes. God maak sy beloftes waar!

*DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)*

~~~~~~~~~~~~~~~~~~
~~~~~~~~~~~~~~~~~~